UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH BESTUURSKOOL STEL NUWE DIREKTEUR AAN

2 Februarie 2010: Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) het professor John Powell, hoof van Bemarking en Strategie by Cardiff University Business School (CARBS) in Wallis as sy nuwe direkteur aangestel. Powell se waardevolle internasionale ervaring sal die USB se globale statuur en reputasie as ’n sentrum van uitnemendheid vir sakeleiers en bestuurders verder versterk.

Powell is in sy huidige posisie by CARBS verantwoordelik vir die onderrig- en navorsingsuitsette van ’n span van 30 akademici wat ses vol professore insluit. Hy neem op 1 Mei oor by professor Eon Smit wat sedert 1996 direkteur van die USB is.

Professor Johann de Villiers, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, sê die seleksiekomitee was veral beïndruk deur Powell se sterk prestasierekord en sy unieke kombinasie van akademiese en bedryfservaring. “Professor Powell bring uitgebreide globale ervaring wat uit sy voortreflike militêre, akademiese en bedryfsloopbaan spruit. Dit is uiters waardevol omdat die USB sy vennootskappe met sake- en bedryfspelers plaaslik sowel as internasionaal wil uitbou.”

Die USB het sy internasionale profiel oor die afgelope dekade geleidelik opgebou om die eerste bestuurskool van ’n Suid-Afrikaanse universiteit te word wat twee internasionale akkreditasies – EQUIS en AMBA – behaal en wat vennootskappe met 70 internasionale bestuurskole gevestig het. Die Aspen Instituut se *Beyond Grey Pinstripes*-opname het die USB verlede jaar onder die wêreld se top 40 bestuurskole gelys vir die wyse waarop die skool maatskaplike en omgewingsbestuur deur sy kurrikulum bevorder. Die USB het ook ’n A-gradering as ’n skool met “internasionale invloed” in ’n globale opname deur EDUNIVERSAL ontvang.

De Villiers sê Powell het ’n deeglike begrip van die opleiding en sakelandskap in Suid-Afrika, en ook ’n natuurlike affiniteit met die USB se doelwitte.

Powell sê hy voel uiters gevlei oor sy aanstelling as direkteur van die USB en hy sien uit na die uitdaging om ’n goed gevestigde en hoogs gerespekteerde bestuurskool deur die volgende groeifase te neem.

“Die USB het deur die inspirasie en leierskap van my voorganger, Eon Smit, ’n hoë-profiel speler in Suid-Afrika én internasionaal geword, soos sy wêreld-standaard akademiese, industriële en

kommersiële verbintenisse getuig. Die onderrig en navorsing by die USB is eersteklas en ek sien daarna uit om met my nuwe kollegas saam te werk en dit tot voordeel van Suid-Afrika se studente en bedryf aan te wend. Ek sien die rol van ’n top bestuurskool as een wat relevansie vir individue, die bedryf, beleid en die samelewing volhou, en ek is voornemens om voort te bou op die benydenswaardige grondslag wat deur my hoog aangeskrewe voorganger gelê is,” sê Powell.

Powell het ’n MA in Ingenieurswese aan die Universiteit van Cambridge en ’n PhD in Strategie aan die Universiteit van Cranfield behaal. Hy het voor sy aanstelling by CARBS verskeie akademiese poste in Brittanje beklee, insluidend dié van professor in Strategie by die Universiteit van Southhampton en professor in Strategie by die Universteit van Bath. Sy navorsingsbelangstellings sluit die toepassing van wiskundige en stelselsmetodes op strategiese kwessies in.

Powell het ná ’n vroeë loopbaan in die vloot vir 16 jaar by British Aerospace plc (nou BAE Systems) gewerk as direkteur van duikbote, hoofbestuurder van ’n belangrike kontrakafdeling en hoof van die groot NAVO-/EU-mark vir bevel- en beheerstelsels.

Powell, wat hoogs gerespekteer is vir sy kennis van verdedingsake, het die gekombineerde intelligensiehoofde van Brittanje oor kennisbestuur toegespreek en die Vereniging van Bestuurskole oor toekomsvooruitskatting geadviseer. Powell het ook uitgebreide ondervinding van konsultasie en bestuursopleiding, en sy kliënte sluit British Energy, die Britse en Spaanse regering, Babcock plc en die Royal Pharmaceutical Society of Great Britain in.

-Einde-

Meer oor die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) het sedert sy totstandkoming in 1964 ’n gerekende speler in die internasionale sakeskoolgemeenskap geword. Die skool se studentetal neem jaarliks toe en daar is tans 650 MBA-studente, sowat 150 ander Meestersgraadstudente, 26 PhD-studente en ’n paar duisend studente wat die wye verskeidenheid korter kursusse in bestuursontwikkeling volg. Die USB MBA bied ’n stewige teoretiese onderbou vir die praktiese, regte-wêreld toepassing van bestuurs- en leierskapbevoegdhede in enige sakesektor in Suid-Afrika, op die Afrika-vasteland sowel as in die globale sakegemeenskap. Die USB is die enigste bestuurskool van ’n Suid-Afrikaanse universiteit met twee internasionale akkreditasies: EQUIS van die European Foundation for Management Development en AMBA van die Association of MBAs. Kry meer inligting by www.usb.ac.za.